

## Sing vooraf staande: Psalm 2:1 (p. 5)

- 1 Wat dring en dryf die wilde heidendom, / dat volke raas in opgewondenheid?  
Gedugte konings staan gereed alom, / en wêreldgrotes raadslaag vir die stryd,  
om God almagtig na die kroon te steek / en saam teen sy Gesalfde op te staan.  
Hul sê: "Kom nou, laat ons hul bande breek / en van hul juk vir altyd ons ontslaan!"

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 84:5 (p. 425)

- 5 O God, ons skild, ons teëweer, / sien tog op u gesalfde neer,  
skenk hulp en heil aan Sions koning! / Een dag is in u huis my meer  
as duisend waar ek U ontbeër; / veel liever is ek in u woning  
'n drumpelwagter, as gewend / aan yd'le vreugde in sondaarstent.

## Gebed.

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

## Skrifberyming 1-1:1, 2 (24:1, 2)

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die ewige God en Vader! Hy  
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.  
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,  
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.
- 2 Hy het deur eie wil bewoë, / dat niks ons ooit weer sou vervreem,  
om Christus wil, uit mededoë, / ons as sy kinders aangeneem;  
dat ons, by guns so vry gegewe, / in hart en wandel onbevlek,  
sou leef voor Hom, in liefde lewe, / wat lewe in dooie harte wek.

Skriflesing: Johannes 10

Teks: Johannes 10:28; Kategismus Sondag 12

**En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.** (Johannes 10:28 AFR1953)

Daar was in die Bybeltyd twee soorte salwings.

- Die een was sosiaal, met ander woorde mense het dit gedoen wanneer hulle saamgekom het vir kuiers, etes familiefeeste en al sulke dinge.

Hulle het in daardie jare die gebruik gehad om reukwater oor kuiergaste se koppe en klere uit te gooi om hulle te laat tuis voel en goed te laat ruik. Soms het hulle selfs die sale waarin hulle feesgevier het vol reukwater gesprinkel om die vertrek lekker te laat ruik

- Die tweede een was religieus, met ander woorde dit was in gebruik as 'n godsdienstige handeling. Hierdie soort salwing was heeltemal anders as die eerste een. Hierdie een het gebeur wanneer die Here dit vereis het. Dit het met sosiale geleenthede niks te doene gehad nie.

Hierdie laaste salwing is altyd met olie gedoen. Die olie was dan simbool van die Heilige Gees.

- Hulle het hierdie soort salwing gedoen wanneer iemand byvoorbeeld deur die Here as koning of profeet geroep is. 'n Voorbeeld is 1 Samuel 16:13:

**Samuel neem toe die horing met olie en salf hom te midde van sy broers, en die Gees van die HERE het van dié dag af en verder oor Dawid vaardig geword.**

(1 Samuel 16:13 AFR1953)

- Die olie waarmee mense gesalf is wanneer hulle deur God geroep word, was nie sommer net enige olie nie.

Die Here het 'n spesifieke voorskrif gegee van hoe daardie olie aangemaak moes word. Ons kry dit in Eksodus 30:22-25:

**Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê: En jy, neem vir jou van die beste speserye: vyf honderd sikkels fyn mirre en die helfte soveel geurige kaneel, twee honderd en vyftig sikkels, en twee honderd en vyftig sikkels geurige kalmoes en vyf honderd sikkels kassie, volgens die sikkels van die heiligdom, en 'n hin olyfolie; en maak daarvan heilige salfolie, 'n salfmengsel soos 'n salfmenger dit maak; heilige salfolie moet dit wees.**  
(Eksodus 30:22-25 AFR1953)

Hierdie olie was die bewys/teken van drie dinge wanneer iemand deur God geroep is:

- Dit was die bewys van die wettigheid van sy roeping.
- Dit was 'n teken van die sekerheid van sy roeping.
- Dit was 'n teken daarvan dat God Hom bekwaam maak vir sy taak.

Ons Here Jesus is gesalf in drie dienste.

- Hy is gesalf as die hoogste Profeet;
- as God se enigste Hoëpriester; en
- as God se ewige Koning.

Daarom word hy Christus genoem – want *Christus* beteken *Gesalfde*.

- Die Here Jesus se salwing was ook heeltemal besonders in die sin dat sy salwing al twee sy nature ingesluit het – sy menslike en sy Goddelike natuur.
- Dit kan ook nie anders nie, want Hy is in al twee die nature ons Middelaar.

In die Here Jesus se profeetskap kom God se liefde vir ons na vore.

- Hy het as Profeet gepreek dat Hy die Weg en die Waarheid en die Lewe is, en dat daar geen ander manier is hoe ons by die Vader kan uitkom nie.
- Ons kan net deur Hom (Jesus Christus) daarheen gaan.

Hy is deur God self geheilig as ons Middelaar. Lees maar net wat geskryf staan in Hebreërs 1:2-4:

**...wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlijkheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogste, terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle.**  
(Hebreërs 1:2-4 AFR1953)

In hierdie salwing het die Vader vir Jesus as Gesalfde Profeet die krag en die werking van die Heilige Gees sonder mate gegee. Dink maar net aan wat in Johannes 3:34 geopenbaar word:

**Want Hy wat God gestuur het, spreek die woorde van God; want God gee Hom die Gees nie met mate nie.** (Johannes 3:34 AFR1953)

As Profeet het Hy die hiernamaals en die ewige Godsryk aan ons kom verkondig. Hy het vir ons gepreek dat die Vaderhuis baie blyplek het waar Hy ons almal gaan bymekaarmaak wanneer Hy terugkom na ons toe.

Die Here Jesus se hoëpriesterskap besorg aan ons die volmaakte en volle vergewing van sondes. Ons weet mos wat die Here aan ons hieroor openbaar in Hebreërs 2:17

**Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen.** (Hebreërs 2:17 AFR1953)

Die koningskap van die Gesalfde Koning van God word byvoorbeeld in die boek Openbaring baie helder geopenbaar:

**En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.** (Openbaring 11:15 AFR1953)

Onthou veral die gedeelte waar ons die Here Jesus se koningskap saam gaan bely terwyl ons Hom lof toesing!

**En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges!** (Openbaring 15:3 AFR1953)

In die Naam Christus lê ons ewige behoud!

- Hy wys as gesalfde Profeet die pad van verlossing aan.
- Hy bewerk as gesalfde Priester van God hierdie verlossing deur sy offer.
- Hy heers as Gesalfde Koning van God oor ons sodat ons nooit uit sy genade kan wegraak nie – terwyl Hy terselfdertyd ook oor die duiwel heers sodat Hy ons nie kan vernietig of van God af weglei nie!

Die krag van sy voorbidding maak dat ons daaglik in God se volle seën kan deel – en bly deel!

In die Naam Christus is ons toekoms gewaarborg.

- In sy heerskappy as gesalfde en ewige Koning van God is daar orde, daar is reëls, daar is dissipline en doelgerigheid.
- Onder sy regering is daar veiligheid.
- Onder sy regering word die koninkryk van God opgebou en die mag van die duiwel verskerf en uiteindelik in die hel verseël.

Kom ons lees wat hieroor in ons belydenis geskryf staan in die Heidelbergse Kategismus Sondag 12:

**Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?**

**Antwoord:** Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (c); tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het (e) en met sy voorbidding gedurig deur by die

Vader vir ons intree (f); tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (g).

(a) Ps 45:8; Heb 1:9; Jes 61:1; Luk 4:18. (b) Deut 18:15; Hand 3:22; 7:37; Jes 55:4. (c) Joh 1:18; 15:15. (d) Ps 110:4. (e) Heb 10:12, 14; 9:12, 14, 28. (f) Rom 8:34; Heb 9:24; 1 Joh 2:1; Rom 5:9, 10. (g) Ps 2:6; Sag 9:9; Matt 1:5; Luk 1:33; Matt 28:18; Joh 10:28 Op 12:10, 11.

### **Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem (a)?**

**Antwoord:** Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).

(a) Hand 11:26. (b) 1 Kor 6:15. (c) 1 Joh 2:27; Hand 2:17. (d) Matt 10:32; Rom 10:10. (e) Rom 12:1; 1 Pet 2:5, 9; Op 1:6; 5:8, 10. (f) 1 Pet 2:11; Rom 6:12, 13;. Gal 5:16, 17; Ef 6:11; 1 Tim 1:18, 19. (g) 2 Tim 2:12; Matt 25:34.

**Amen.**

Slotgebed.

Slotpsalm 2:4, 6 (p. 6)

- 4 En Ek, die Vors, so hoog in mag en eer, / sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:  
"Ek self (sê God) het U gegeneer: / U is my Seun, uit wie my beelt'nis blink.  
Spreek dan u eis, Ek skenk dit U gewis. / En dat u troon vir ewig vas mag bly,  
gee Ek die volke tot u erfenis / en wêreldwydtes tot u heerskappy.
- 7 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd / met blydschap wat Hom huldig as die HEER,  
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.  
Want lig'lik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.  
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 1 Mei 2011